Ooreenkoms aangegaan deur en tussen:

Die AGS van SA, _____gemeente

(hierna genoem "die Gemeente" in die hoedanigheid van werkgewer)

en

NAAM

ID No _____

(hierna genoem "die Pastoor" in sy hoedanigheid as werknemer)

1. INLEIDING

1.2 Die AGS van SA _____ Gemeente is geleë n Dorp, provinsie en is deel van die Familia Dei Netwerk.

Die Gemeente is geregistreer in termie van Afdeling 2.1 van die kerkorde van die AGS van SA. Die Gemeente glo dat die Bybel die heilige en onfeilbare Woord van God is en onderskryf die geloofsbelydenis, die kerkorde en regulasies van die AGS van SA.

1.2 Naam is ‘n geordende pastoor van die AGS van SA wie die ampsonderneming (Bylae A) onderteken het, onderskryf die gedragskode (Bylae B), is nie verbind tot enige ander diensooreenkoms nie, word nie weerhou deur enige teenstrydige oortuigings of beperkings om diens te verrig as 'n geordende pastoor in die gerneente nie.

2. PLIGTE VAN DIE PASTOOR

Die pligte van die pastoor is ooreenkomstig die Pligtestaat (Bylae C), wat met wedersydse instemming van tyd tot tyd gewysig kan word om aan die vereistes van die gemeente te voldoen. Die werksbeskrywing sluit in die primêre pligte van 'n geordende pastoor soos voorgeskryf in Afdeling 7.3, Riglyne tot Bylae 7, van die kerkorde van die AGS van SA.

3. **PLIGTE VAN DIE GEMEENTE**

Die beheerliggaam van die gemeente onderneem om, binne die vermoë van die gemeente, dit moontlik te maak vir die pastoor om sy pligte uit te voer en om liefde en samewerking aan te bied in die Here om hom/haar te ondersteun en in staat te stel om sy pligte te volvoer.

4. **DIENSVOORDELE EN VOORWAARDES**

Die aanstelling is onderhewig aan die bepalings van die kerkorde van die AGS van SA en die toepaslike personeelbeleid van die gemeente. Die spesifieke voorwaardes van toepassing op die pastoor word hierby bepaal:

4.1 **Aanvangsdatum van diens**

Die pastoor word vanaf 1 Januarie 2008 in 'n permanente hoedanigheid aangestel.

4.2 **Vergoedingspakket**

Die pastoor ontvang 'n bruto maandelikse vergoedingspakket, in terme van Afdeling A.8.1.1 van Bylae 10 tot the kerkorde van die AGS van SA, wat al die byvoordele, soos bevat. in Afdeling A.8.I.2 van Bylae 10 to die kerkorde van die AGS van SA, insluit. Die pakket word in die beheerliggaam se notule genotuleer. Die beheerliggaam sal jaarliks die pakket evalueer in terme van die riglyne bepaal in Afdeling A.8.2.1 van Bylae 10 van die kerkorde van die AGS van SA.

4.3 **Jaarlikse bonus**

'n Jaarlikse bonus sal aan die pastoor betaal word in terme van Afdeling A.8.3 van Bylae 10 tot die kerkorde van die AGS van SA.

4.4 **Vakansieverlof**

Die pastoor is geregtig op jaarlikse verlof in terme van Afdeling A.8.4 van Bylae 10 tot die kerkorde van die AGS van SA en soos deur die gemeente se verlof beleid bepaal.

4.5 **Siekteverlof**

Die pastoor is geregtig op siekteverlof in ooreenstemming met die bepalings van Afdeling 22 van die Wet of Basiese Diensvoorwaardes, Wet Nr. 75 van 1997.

4.6 **Kraamverlof (waar toepaslik)**

Die pastoor (waar toepaslik) is geregtig op kraamverlof in ooreenstemming met die bepalings van Afdeling 25 van die Wet of Basiese Diensvoorwaardes, Wet Nr. 75 van 1997.

4.7 **Verlof vir Gesinsverantwoordelikheid**

Die pastoor is geregtig op verlof vir gesinsverantwoordelikheid in ooreenstemming met die bepalings van Afdeling 27 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet Nr. 75 van 1997.

4.8 **Werksure**

As gevolg van die aard van die pastoor se beroep is dit nie moontlik om vasgestelde werksure te bepaal nie. Die hou van dienste op 'n Sondag sal beskou word as "gewone werk" soos uiteengesit in Afdeling 16(2) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet Nr. 75 van 1997. Dit word egter van die pastoor verwag om geredelik beskikbaar te wees vir die uitvoering van sy/haar pligte teenoor die gemeente, onderhewig aan die bepalings van Afdeling 11 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. Wet Nr. 75 van 1997.

4.9 **Dag-af en naweek-af**

Die pastoor is geregtig om sy program sodanig te reë1 dat hy/sy 36 aaneenlopende ure (dag-af) per week en een naweek (opsioneel) per kwartaal af het. (Verwys na Afdeling 15 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet Nr 75 van 1997.

4.10 **Voorsiening vir aftrede**

Die pastor sal self verantwoordelik wees om voorsiening te maak vir aftrede by ‘n geregistreerde fonds.

4.11 **Mediesehulpfonds**

Lidmaatskap van 'n geregistreerde mediese hulpfonds, soos gemeenskaplik ooreengekom, is verpligtend. Die pastor is verantwoordelik vir die volle premie

4.12 **Privaat werk**

Terwyl die pastoor in die diens van die gemeente beheerliggaam is, mag die pastoor nie privaat werk onderneem of addisionele inkomste genereer, sonder die goedkeuring van die beheerliggaam nie.

4.13 **Dissipline**

4.13.1 Die pastoor sal in terme van sy status onderhewig wees aan die dissiplinêre prosedures in ooreenstemming met die bepalings van Bylae 11 van die kerkorde van die AGS van SA. Indien die pastoor sy status verbeur soos bepaal deur Afdeling 11.6 van Bylae 11 van die kerkorde van die AGS van SA, sal sulke verlies van status beskou word as kontrakbreuk (verwys na para. 1.2 hiervan) en die beheerliggaam sal geregtig wees om hierdie diensooreenkoms te beëindig.

4.13.2 Die pastoor sal onderhewig wees aan die dissiplinêre kode en prosedures, griewe prosedures en personeelbeleid soos vasgestel deur die gemeente in ooreenstemming met die riglyne voorsien in Bylae 11.1 tot die kerkorde van die AGS van SA.

4.14 **Behuising**

Die pastor sal self vir behuising voorsiening maak

4.15 **Tiende**

Die pastoor sal sy maandelikse tiende aan die gemeente oorbetaal ingevolge die bepalings van Afdeling A.8.6 van Bylae 10 van die kerkorde van die AGS van SA.

4.16 **Werkloosheidversekeringsfonds**

Die pastoor en die gemeente sal bydraes tot die Werkloosheidsversekeringsfonds rnaak ingevolge die Werkloosheidversekeringswet.

4.17 **Inkomstebelasting (LBS)**
Die tesourier van die gemeente beheerliggaam sal maandeliks inkomstebelasting (LBS) vanaf die pastoor se vergoedingspakket verhaal soos bepaal in die Inkomstebelasting wet, en sal sulke gelde aan die betrokke Ontvanger van Inkomste oorbetaal.

4.18 **Wysigings aan voordele**
Die voorafgaande voordele sal jaarliks hersien word soos wedersyds ooreengekom deur die partye tot hierdie ooreenkoms.

5. TERMINERING VAN HIERDIE OOREENKOMS
Een kalender maand wedersydse kennisgewing moet gegee word vir die terminering van hierdie ooreenkoms, onderhewig aan die bepalings van die kerkorde van die AGS van SA en die Arbeidswet, 1995.

GETEKEN TE DORP OP HIERDIE ____ DAG VAN _____

GETUIES

1. **…….**

2. **……** **……**
Namens die Gemeente Beheerliggaam

GETUIES:

1. **……**

2. **……** **……**
Pastoor